*Woensdag* **4 Februarie**
**Skrifgedeelte: Lukas 1:67-80**
**Fokusgedeelte: Lukas 1:72**
**Christus se koms bevestig die verbondsbeloftes**

Een van die wonderlike dinge wat die Heilige Gees doen, is om vir ons insig en begrip te gee in die Bybel. Die Heilige Gees lei ons om God se wil in die Bybel te verstaan en te glo.

Sagaria was ’n profeet en hy het die Ou Testament goed geken. Toe Johannes die Doper gebore is en Jesus se geboorte aangekondig word, word die lyn van God se beloftes oor eeue heen vir hom glashelder. Onder leiding van die Heilige Gees sing hy dan hierdie mooi lied.

God het al ná die sondeval belowe dat iemand uit die menslike geslag die slang se kop sal vermorsel. Die belofte van verlossing is aan Abraham gemaak en daarna aan verskeie ander. Dit was baie lank gelede en tog is die belofte deur die ware gelowiges vasgehou. Nou word daardie belofte waar. Dit bewys dat God nooit vergeet nie, maar wel dat God die tyd kies wat Hom pas. Dit bewys verder dat God getrou is en nooit ’n belofte sal verbreek nie.

Christus het ook aan sy kerk besondere beloftes gemaak. Beloftes soos dat Hy altyd by ons sal wees en dat Hy sy Gees aan ons sal gee as ons bid – die Gees wat ons sal troos en wat ons met krag sal vervul. Ons moet nooit twyfel dat Hy sy beloftes waar sal maak nie. Ons geloof word versterk as ons uit die Bybel sien dat God Hom oor die mense ontferm en sy beloftes vervul.

Selfs in die donkerste uur van jou lewe moet jy nie aan God se beloftes twyfel nie. Lees jou Bybel en bid dat die Heilige Gees alle twyfel sal wegvat, maar ook vir jou moed en krag sal gee om sy beloftes te vertrou en elke dag moedig jou roeping uit te leef. Sodoende bemoedig jy jou man of vrou of kinders en jou ouers met jou geloof en die geloofsekerheid waarmee jy die lewe aandurf.

*Sing: Psalm 105-1:5*

*Ds. CJ (Christo) van Vuuren (Emeritus)*